# Positief of Negatief
# Reg of Verkeerd

**Kol 3:12--17** **Donderdag 21 Julie 2022**

**<u>Die vraag is</u>: Hoe kan ek positief lewe as daar so baie negatiewe in die wêreld is?**
Dit lees ons in **<u>Kol 3:12</u>** ('53 Afr Vertaling)
**"Beklee** julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid."
**<u>Kol 3;12</u>** ('83 Afr. Vertaling) "Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees."

**Om positief te wees word 'n letterlike beeld gebruik om 'n figuurlike betekenis te verduidelik.**
Soos wat ons elke oggend, skoon klere aantrek vir die dag, moet ons elke dag, geestelik, skoon klere aantrek.

**Waar kry ons hierdie geestelike skoon klere?**
Uit sy groot genade gee God dit verniet aan ons! **Genade** is God se geskenk wat ons onverdiend ontvang. Die feit word hier aan die gemeente van Kolosse bloot gekontasteer, dat hulle is die uitverkorenes van God. Elkeen wat in Jesus Christus glo en Hom bely as sy Verlosser, is 'n kind van God. Maar dan is die gevolg dat ons onsself moet aantrek met die "geestelike klere" wat God onverdiend aan ons gee.

**<u>Deut 7:7,8</u>** ('83 Afr. Vertaling)

**7** "Die Here het jou nie liefgekry en **gekies** omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal.
**8** Omdat die Here jou liefhet en Hy sy belofte nakom wat Hy met 'n eed bekragtig het aan jou voorvaders, het Hy jou deur sy groot krag laat wegtrek en jou bevry uit die plek van slawerny, uit die mag van die farao, die koning van Egipte."

**<u>Ef 1:4</u>** ('83 Afr. Vertaling)

4 "So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus **uitverkies** om heilig en onberispelik voor Hom te wees."

Omdat ons God nou ken, liefhet, en weet dat Hy uit genade aan ons alles in die lewe gee, moet ons uit opregte diepe dankbaarheid ons aantrek met die geestelike klere wat God aan ons gee.

**Hierdie geestelike klere wat ons moet aantrek is ...**

- **Meelewend,** dit beteken om vir mekaar om te gee, lief te wees en na die ander een om te sien. Dit beteken om saam met jou medebroeders en susters te leef en om te gee omdat julle saam God dien.
- **Goedgesind,** in Ef 2:7 lees ons dat God deur Jesus Christus vir ons so goedgesind was, Hy was so goed vir ons dat Hy sy Seun vir ons opgeoffer het aan die kruis. Daarom moet ons ook goedgesind wees teenoor ons naaste. Dink maar aan Dawid wat goedgesind was teenoor die kreupele prins, Mefiboset, 2 Sam 9.
- **Nederigheid,** nederigheid beteken nie swakheid nie. Nederigheid is om die mag en gesag wat jy van God ontvang het onder beheer te hou. Bv.
    - Te veel medisyne kan dodelik wees.

- Misbruikte mag en gesag kan lei tot korrupsie.
- ’n Te groot braaivleisvuur kan ’n huis aan die brand steek.
- Te veel geld kan maak dat jy God vergeet. (Spr 30:7-9)
- Te min geld kan maak dat jy wil steel vir kos. (Spr 30:7-9)

➢ Nederigheid is om altyd jou afhanklikheid van God te erken en uit te leef.
➢ Nederigheid is om altyd ’n ander een hoër te ag as jouself.

So kan ons aangaan en die geestelike kledingstukke opnoem wat ons moet aantrek:

- Sagmoedigheid, vergifnis, dankbaarheid, lofsange ....

**Maar alles van positief wees, begin en eindig met die liefde!**
Om positief te wees is om God en jou naaste lief te hê!
Dit is ook die groot grootste gebod waarvan ons lees in **Mat 22:36-40**
36 “Meneer,” vra hy, “wat is die grootste gebod in die wet?”
37 Jesus antwoord hom: “ ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand.
38 Dit is die grootste en die eerste gebod.
39 En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’
40 In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.”

**Om dus saam te vat:**

- Trek jou geestelike klere aan dan kan jy nie anders as om positief te leef nie.
- As jy God en jou naaste opreg liefhet en die liefde uitleef, is jy beklee met die allerbeste kleed, ’n kleed wat geld of goud nie kan koop nie, maar ’n kleed wat jy direk van God af ontvang deur die Heilige Gees wat jou deur die Woord beklee.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***